



Kleinfontein Boerebelange Koöperatief Beperk

Interne Reëls

Bylaag D

GESKILBESLEGTINGSPROSEDURE

1 Inleiding

In die geval van enige geskil tussen Direkteure of lede of belanghebbendes onderling en/of tussen lede of belanghebbendes en die Direksie, kom die partye ooreen om die geskilbeslegtingsprosedure soos hieronder uiteengesit, te volg.

2 Hantering van geskille

- 2.1 Partye kom ooreen dat alle geskille tussen hulle onderling en/of met KBK Bpk ooreenkomstig hierdie proses besleg sal word.
- 2.2 Wanneer 'n geskil ontstaan wat besleg moet word, word dit skriftelik aan die Direksie of Heemraad gerig en by die kantoor ingedien.
- 2.3 Kennisgewing van 'n geskil kan, indien dit nie persoonlik op die teenparty gedien word nie, per geregistreerde pos bestel word. Die kennisgewing van 'n eis moet ook insluit 'n lys van sewe datums en tye wanneer die betrokke party vir samesprekings beskikbaar sal wees.
- 2.4 Die verweerder het die reg om een van die aangebode datums te kies en binne sewe dae kennis daarvan aan die teenparty te gee, welke kennis ook gedien kan word soos in par 2.3 hierbo.
- 2.5 Alle geskille wat skriftelik by die kantoor ingedien is, moet aan die eersvolgende vergadering van die Gemeenskapsraad voorgelê word, wat dit na die Heemraad of Direksie verwys. Indien die Direksie dit nie kan hanteer nie, word die geskil na die Heemraad verwys vir bemiddeling.

3 Bemiddelingsprosedure

- 3.1 Alle partye kom ooreen dat die bemiddelingsprosedure gevolg sal word voordat hulle tot arbitrasie oorgaan. Slegs die Heemraad kan 'n geskil vir arbitrasie verwys. Arbitrasie geskied kragtens die Wet op Arbitrasie nr 42 van 1965.
- 3.2 Bemiddeling sal vir alle partye "met voorbehoud van regte" geskied en partye kom ooreen dat geen party by arbitrasie of enige verdere regsaksies sal kan steun op korrespondensie en kommunikasie wat plaasgevind het tydens die bemiddelingsproses nie.
- 3.3 Nie-nakoming van die vereistes vir die bemiddelingsprosedure gee aan

die teenparty die reg om die prosedure summier op te skort en die geskil na die Heemraad te verwys, indien so verkies.

- 3.4 Die grondwet van die Heemraad is by die kantoor beskikbaar vir enige belanghebbende, eiser en verweerder om hom/haar te vergewis wat die proses is wat die Heemraad volg.
- 3.5 Arbitrasie geskied volgens die Wet op Arbitrasie 1965 (Wet 42 van 1965) en die arbitrasie prosedure is vervat in die grondwet van die Heemraad en die Heemraad sal dit volledig aan partye wat in 'n geskil betrokke is, uiteensit.

4 Aanbeveling vir optrede deur die Raad van Direkteure

- 4.1 Indien 'n lid of belanghebbende hom/haar skuldig maak aan onaanvaarbare gedrag en daar geskille ontstaan wat na die mening van die Heemraad nie geskik is vir beslegting deur bemiddeling nie, kan die Heemraad ingevolge die Statuut 'n aanbeveling aan die Raad van Direkteure maak oor optrede teen daardie persoon/persone.
- 4.2 Voorbeelde van sodanige onaanvaarbare gedrag sluit in herhaalde oortreding van die Interne Reëls of bepalings van die Statuut, of herhaalde onaanvaarbare optrede teen 'n enkele of aantal medelede van KBK Bpk.

5 Slotopmerking

Voormelde is die volle ooreenkoms tussen partye rakende geskilbeslegting en geen verandering sal geldig wees nie, tensy dit op skrif gestel en deur al die partye ooreengekom en onderteken is.

Ek/ons lê my/ons onvoorwaardelik neer by hierdie geskilbeslegtingsprosedure en bevestig dat ek/ons dit gelees het:

Volle name en van:

.....

Onderteken te Kleinfontein op hierdie.....dag van 20.....

Lid / aansoeker / belanghebbende :

Handtekening

Namens KBK Bpk :

Handtekening van gevolmagtigde

